# BYBELSTUDIE OPENBARING LES 18.

Openbaring 6 beskryf hoe ses van die sewe seëls oopgemaak word. Die eerste vier seëls vorm 'n eenheid en moet van die drie laaste onderskei word. Die vier perde wat onder die eerste vier seëls uitgaan, herinner sterk aan Jeremia 1:8-17 en 6:1-8.
Die boekrol in God se regterhand. Wat die toekomsgeskiedenis bevat, kan eers volledig ontvou wanneer al sewe die seëls gebreek is. Die reeks seëls is daarom 'n voorlopige oordeelsvoltrekking as voorspel tot die trompette en bakke wat volg. Die eerste vier seëls, die vier perderuiters, volg deur die Lam se toedoen. Die Lam inisieer hierdie gebeure deur die seëls een vir een oop te maak, terwyl God elke keer goedkeur [daarom die uitdrukking "is gegee" in 6:2,4 en 8].

## BYBELSTUDIE OPENBARING 6:1-8.

1. LEES: Openbaring 6:2; 19:11-16; Sagaria 6:3; 2Korintiers 11:14.
   Die eerste perd wat na vore kom is wit. Wie is hierdie perd en sy ruiter?

2. LEES: Openbaring 6:3-4; Jesaja 19:2; Sagaria 14:13; 2Tessalonisense 2:6-12.
   Wanneer die tweede seël verwyder word, sien Johannes 'n ruiter op 'n vuurrooi perd. Waarvan is die ruiter en die perd simboliek?

3. LEES: Openbaring 6:5-6; Levitikus 26:26; Esegiël 4:16.
   Met die oopmaak van die derde seël, lees ons van 'n swart perd – 'n skaal – asook 'n skeppie koring en gars. Daarmee saam moet die olyfolie en wyn nie bederf word nie.
   Hoe moet ons die derde seël verstaan?

4. LEES: Openbaring 6:7-8; Jesaja 14:9-10; Esegiël 26:20.
   Die vierde seël wat Johannes sien is 'n vaal perd. Sy ruiter se naam was Die Dood.
   Verduidelik die betekenis van hierdie seël wat Johannes gesien het.

5. LEES: Openbaring 6:8; Esegiël 14:21.
   Aan die dood en doderyk is 'n kwart van die aarde gegee om dood te maak.
   Wat behels hierdie *kwart van die aarde*?
   Watter middele word gebruik om mee dood te maak?
   Is daar 'n verband tussen hierdie middele en die vorige drie seëls?

6. Die eerste vier seëls se perde het elkeen 'n eiesoortige kleur. Skryf langs elke perd die betekenis [simboliek] van sy kleur:
   Wit perd:

   Rooi perd:

   Swart perd:

   Vaal perd:

7. Die eerste vier seëls skets die aanloop tot die eindgebeure. Bespreek hierdie volgorde volgens die betekenis van elke seël.

ANTWOORDE.

1. Die eerste aanloklike interpretasie, is dat Christus die ruiter op die wit perd is. Dit stem ooreen met 19:11 waar die ruiter op die wit perd ook as Christus voorgestel word.
   Die konteks waarin vers 2 staan, maak hierdie verklaring egter onwaarskynlik. In die eerste plek moet ons onthou dat die vier perde en ruiters van Openbaring 6 'n eenheid vorm – 'n eenheid van oordele. In die tweede plek sou dit vreemd wees dat Christus die seël breek, dan self eerste uitgaan, om daarna weer elke keer die volgende seël te breek.
   Die ruiter op die wit perd is juis die teendeel van Christus, naamlik die Antichris [valse profeet]. Die Antichris probeer hom voordoen as die oorwinnende Messias. Dit is tog wat Satan doen: hy doen hom voor as 'n "engel van die lig" [2Kor.11:14]. So vorm die eerste vier ruiters saam 'n negatiewe eenheid van die oordele wat Christus oor die wêreld stuur.
2. Die ruiter en die perd is simbool vir die bloedvergieting en slagting, vir moontlike rebellies en rewolusie. Die kort swaard wat die ruiter dra, is juis gebruik in allerlei opstande en rebellies. So word die swaard in Openbaring 6 die simbool om alle vrede van die aarde af weg te neem. Jesus Christus het met sy bloedoffer vrede gebring. Voordat dié vrede oral gesien en erken sal word, sal verdere bloedvergieting God se vrede probeer vernietig. Die ruiter op die rooi perd sal alles in die stryd werp om dit te laat gebeur.
   So herinner hierdie seël aan die Joodse siening dat die einde deur oorlog en bloedvergieting voorafgegaan sal word.
3. Die skaal dui daarop dat die noodsaaklikste voedsel afgeweeg moet word. Dit beteken dat die voorraad beperk is. So word die skaal simbool van skaarsheid en hongersnood.
   Die koring en gars vir 'n dagloon, beklemtoon die geweldige afmetings van die hongersnood en oordeel. Die prys wat hier betaal word ['n dagloon] is ongeveer

10-12 keer meer as die gewone prys. Die betekenis van die swart perd is dan dat noodsaaklike lewensmiddele baie skaars sal wees, en die prys wat daarvoor betaal word buite verhouding hoog.

Maar waarom moet die olyfolie en wyn nie bederf of beskadig word nie? Verskeie verklarings word aangebied. Die een is dat die luukse etes van die rykes eenvoudig sal voortgaan. Maar dit is vreemd. Want die *stem by die lewende wesens,* is die stem van Christus. Hoe kan dit dan 'n bevel wees dat die rykes bevoordeel sal word bo die armes. Nog ander probeer dit histories verklaar as sou soldate nie die olyfbome en wingerde vernietig tydens oorloë nie. Binne konteks is dit egter beter om die "maar" voor die olyfolie en die wyn eerder met "en" te vertaal. Dan sou die hele vers 6 'n beperking op die hongersnood kon beteken.

4. Die vaal kleur het te doen met die bleekheid van die dood. Die ruiter is die dood en die doderyk volg hom. Dit beteken dat die dood en moontlik ook die doderyk, hier persoonlik voorgestel word. Die voorstelling is dat die dood sy slagoffers insamel en die doderyk kom agterna om hulle in te neem. So word die dood hier as 'n mag voorgestel en die doderyk as 'n plek.
5. Ons moet nie hier dink aan 'n kwart van die aardbol wat verwoes sal word nie. Dit is eerder 'n kwart van die mensdom wat dit bewoon. Dat dit net 'n kwart is, lê klem op die groeiende oordeel van God. Die vierde seël tref 'n kwart van die aarde [6:8]. Die daaropvolgende trompette vernietig 'n derde [8:7-8, 10,12]. Die vernietiging deur die wraakbakke is volledig en finaal [16:1ev].

   Die middele wat gebruik word om te vernietig is:

   Die swaard; hongersnood en pes; die wilde diere van die aarde.

   Heel opvallend verwys die swaard na oorlog [eerste en tweede seël]. Die hongersnood verwys na die derde seël en die pes na die vierde seël. Dit bevestig weereens dat die vier seëls bymekaarhoort en as 'n reeks oordeelvoltrekkings gesien moet word.
6. Wit perd: oorwinning.
   Rooi perd: vernietiging, oorlog.
   Swart perd: hongersnood.
   Vaal perd: dood.
7. By die vier seëls word die ontwrigting van die samelewing gebruik vir God se oordeel. Dit beteken die oorwinning van buite [wit perd] en wat volg is: bloedvergieting en oorlog [rooi perd]; hongersnood [swart perd] en die dood [vaal perd]. Ons moet onthou dat die klem wat in hierdie seëls gelê word [oordeel van God], slegs nog die voorspel is tot die finale oordeel van die Here. Hierdie ontwrigting van die samelewing raak alle mense, maar die finale oordeelsvoltrekking van God is slegs op die goddeloses gemik.

**********